## **Solo Christo – Deur Christus alleen.** Woensdag 4 November 2020

**Sing**: **Skrif Beryming 5-4:2** "Dis Christus wat die skuld wou dra, die dood vir ons gesterf het ja, wat opgewek in glorie sit en altyddeur vir ons wil bid."

**Die Vyf Solas is die volgende:**

- Sola Scriptura – die Skrif alleen.
- Sola gratia – genade alleen.
- Sola fide – geloof alleen.
- Solo Christo – Christus alleen.
- Sola Deo gloria – aan God alleen die heerlikheid.

**Wat is die betekenis van Solo Christo, deur Jesus Christus alleen, vir jou?**

Hierdie is sekerlik die belangrikste vraag van jou geloof. Het Jesus Christus vir jou betekenis in jou lewe? Nou Jesus Christus is die Seun van God. Die Bybel is baie duidelik daaroor, die hele Skrif deur. En Jesus Christus is die alleen rede dat ons kinders van God is, kan en mag wees. Want Jesus Christus het in gehoorsaamheid aarde toe gekom om die opdrag van sy Hemelse Vader te kom vervul. Fil 2:5-11.

**Joh 3:16** "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

**Joh 3:17** Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."

**Jesus Christus alleen is die basis dat ons volkome verlossing van al ons sondes ontvang het**. Dit is die groot genade van die christelike geloof. Dit Skrif openbaar duidelik dat elkeen wat in Jesus Christus glo, nooit verlore sal gaan nie. Daar is geen verdienste nie, maw ons kan nie deur goeie werke ons saligheid verdien nie.. Jesus Christus alleen is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Joh 14:6.

Daar is vir ons as christene 'n baie groot troos in hierdie reformatoriese uitspraak, **Solo Christo!**

- **Jesus Christus alleen het ons Verlossing bewerk met sy soenverdienste.**
- **Jesus Christus alleen het ons onvoorwaardelik lief en het Sy lewe vir ons gegee.**
- **Jesus Christus alleen het volkome vir al ons sondes betaal.**
- **Jesus Christus alleen is nou ons Advokaat in die hemele wat vir ons pleit.**

Vir Paulus was daar net een saak van belang in sy hele lewe:

**Fil_3:10** "Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood,"

**Mag ons elkeen …**

- **Jesus Christus opreg bely en liefhê.**
- **Jesus Christus al meer leer ken.**
- **Volkome in Jesus Christus glo as ons Verlosser.**

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)